Afrikaans onderaan

Proclamation over South Africa for 6 January, 2012

We lift up our voices to You, Heavenly Father, and proclaim that You, the God of heaven and earth and the Judge over the whole earth, is the only living God. We pray in the Name of Your Son, Jesus Christ, Who is the Way, the Truth and the Life; and through the power of your life-giving Holy Spirit, sent to convict us of sin, righteousness and judgment and to guide us into the whole Truth.

Father, we declare that it is Your will that everyone who believes in the Son will receive eternal life and be raised from the dead on the last day (Joh.6:40).

Lord Jesus Christ, we proclaim that in You there is life (Joh.1:4) and that You give us life (Joh.5:21). Everyone who believes in You will not perish but have eternal life (Joh.11:25). We proclaim that You are the Bread of Life (Joh.6:35) and that those who come to You will be satisfied. We proclaim that You tasted death on behalf of all humans and that through death, You destroyed the devil, who had power over death (Heb.2:14). It is through Your death and your blood that we can proclaim that death has lost its sting! (1Cor.11:26; 1Cor.15:26,54).

Holy Spirit, we proclaim that You give life through the Word (Joh.6:63), and that You, through Jesus Christ, set us free from the law of sin and death.

We lift our voices to praise you, Living Father, Jesus Christ Who was raised from the dead and life-giving Spirit. We give our bodies as a living sacrifice and as our spiritual worship (Rom.12:1). We give our members as instruments of righteousness to serve You (Rom.6:13). Use us to as life-bringers in our nation. Let living flow from our innermost beings to all around us (Joh.7:38). Touch our nation with Your life and raise us from the dead.

We bring before you again the prayer of dedication we prayed in Bloemfontein on 3 November, 2001.

Prayer by representatives of the following people groups in South Africa: San, Khoi, Xhosa, Zoeloe, Ndebele, Shangaan, Venda, Sotho, Pedi, Tswana, Brown, English and Afrikaans.

Our Father in Heaven, there is no God like You in heaven above or on the earth below. You who keep Your covenant with those who walk in Your ways. You rule over all kingdoms and nations and in Your hand there is power and might. In Psalm 2:8 You promised that your Son will inherit all the nations of the world and today we, as South Africans, want to become part of this inheritance. Lord Jesus Christ, through Your obedience, You have been exalted to the highest place and was given the Name above all names. Thank You that You died on the cross outside Jerusalem almost two-thousand years ago. Thank You that You were wounded for our transgressions and bruised for our iniquities. Thank You that the punishment for our peace was upon You and by Your stripes we are healed. We confess that all of us, including our ancestors, have gone astray like sheep. We have turned, every one, to his own way; but God the Father, has laid on You the iniquity of us all. You have redeemed us from the curse of the law (which we could not keep) by becoming a curse for us.

Thank you for the covenant You made with God the Father on our behalf. As High Priest according to the order of Melchizedek, You entered the Most Holy Place once for all and have obtained eternal redemption for us. Thank you for taking away our sin through your blood. You have promised forgiveness through the blood of Jesus Christ. We receive Your forgiveness and

cleansing on behalf of the people of South Africa. Father God, we now enter the Holiest Place behind the veil and as representatives of Your Body here in South Africa, we humble ourselves before You and turn our hearts back to You and Your covenant with us through Jesus Christ. We bow our knees at His Name and we confess today that Jesus Christ is Lord over South Africa. May You be glorified.

On 3 November 2001, we as representatives of the Body of Jesus Christ in South Africa, dedicated this land, South Africa, and its entire people, to You, Lord Jesus Christ, to be set apart for Your purposes. Today, 6 January 2012 we repeat this prayer before You. We submit to Your will and authority for our lives and the lives of the peoples of South Africa. We lay down our own rights. Cause us to walk in Your ways and according to Your principles. Bring healing, reconciliation and restoration to South Africa and pour out Your Spirit of Holiness and Truth on us. Let Your word come true: If My people who are called by My Name will humble themselves and pray and seek My face, and turn from their wicked ways, then will I hear in heaven, forgive their sin and heal their land (2 Chron 7:14)

Lord Jesus Christ, we now invite You to come into South Africa through Your Holy Spirit. Please come and take Your place as the Ruler over South Africa. We open our hearts to receive You. We open the "gates" of South Africa for You to enter in. Please come and pour out Your grace, power and love in our communities and all aspects of our society. We need You Lord. Show us Your glory. Draw us together in a House of Prayer for all nations and bind us together until we are one with You. Come Lord Jesus.

Prayer for the ANC that celebrate their centenary during 2012:

Pray:

1. For the ANC leadership to acknowledge the supreme authority of God, the Father ofr our Lord Jesus Christ.

2. That the ANC as political power will make decisions that will honour God, the Father of the Lord Jesus Christ.

3. That nobody will misuse the ANC as organisation or political instrument to enrich themselves, to abuse power or use their positions for corruption or selfish benefit.

4. That God will appoint leadership that will lead through truth and justice, who will acknowledge the authority of God's Word, the Bible, who will live with integrity and carry the interest of the people of South Africa in their hearts.

5. That the ANC leadership will respect and honour the justice system in our country and provide decisive leadership over this issue.

6. That the ANC will not allow bitterness over the past to dictate their actions, but will provide strong positive leadership for reconciliation and co-operation in our nation.

7. That the ANC, as ruling political party, will use great wisdom to appoint people to serve the country in senior and key positions.

Verklaring oor Suid Afrika vir 6 Januarie, 2012

Ons hef ons stemme op na U, Hemelse Vader, en verklaar dat U, die God van die hemel en die aarde en die Regter oor die hele aarde die enigste lewende God is. Ons bid in die Naam van U Seun, Jesus Christus, die Weg en die Waarheid en die Lewe; en deur die krag van U lewegewende Heilige Gees, Wie gestuur is om ons te oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel, en om ons te lei in die volle Waarheid.

Vader, ons verklaar dat dit U wil is dat elkeen wat in die Seun glo die ewige lewe sal verkry en op die laaste dag uit die dood opgewek sal word (Joh.6:40).

Here Jesus Christus, ons verklaar dat daar lewe in U is (Joh.1:4) en dat U aan ons lewe skenk (Joh.5:21). Elkeen wat in U glo sal nie verlore gaan nie, maar sal die ewige lewe beërwe. (Joh.11:25). Ons verklaar dat U die Brood van die Lewe is (Joh.6:35) en dat diegene wat na U toe kom versadig sal word. Ons verklaar dat U namens alle mense die dood gesmaak het en dat deur U dood U die duiwel wat mag gehad het oor die dood, vernietig het (Heb.2:14). Dit is deur U dood en U bloed dat ons kan verklaar dat die dood sy angel verloor het (1Cor.11:26; 1Cor.15:26,54).

Heilige Gees, ons verklaar dat dit U is wat lewe deur die Woord (Joh.6:63), en dat U, deur Jesus Christus, ons vrygemaak het van die wet van die sonde en dood.

Lewende Vader, Jesus Christus wat opgestaan het uit die dood en lewegewende Gees, ons verhef ons stemme om U te loof. Ons gee ons liggame as 'n lewende offer en as aanbidding aan U (Rom.12:1). Ons gee ons lede as bewerkers van geregtigheid om U te dien (Rom.6:13). Gebruik ons om lewe te bring in ons land. Laat daar lewende water uit ons binneste vloei na almal rondom ons (Joh.7:38). Raak ons land aan met U lewe en laat ook ons opstaan uit die dood.

Ons bring die toewydingsgebed wat ons gebid het in Bloemfontein op 3 November, 2001, weer voor U.

Gebed deur verteenwoordigers van die volgende bevolkingsgroepe in Suid Afrika: San, Khoi, Xhosa, Zoeloe, Ndebele, Shangaan, Venda, Sotho, Pedi, Tswana, Bruin, Engels en Afrikaans.

Ons Vader in die hemel, daar is nie nog 'n God soos U in die hemel of op die aarde nie. U hou U verbond in stand met diegene wat volgens U weë wandel. U regeer oor al die koninkryke en nasies en in U hand is daar mag en krag. In Psalm 2:8 belowe U dat U Seun al die volkere van die wêreld as erfenis sal verkry en ons, as Suid-Afrikaners, wil vandag deel word van hierdie erfenis. Here Jesus Christus, deur U gehoorsaamheid is U tot die hoogste posisie vereer en 'n Naam bo alle name gegee. Dankie dat U, bykans twee duisend jaar gelede, aan 'n kruis buite Jerusalem gesterf het. Dankie dat U vir ons sonde verwond en vir ons ongeregtighede verbrysel was. Dankie dat die straf vir ons sonde op U was en dat ons deur U wonde genesing ontvang het. Ons bely dat ons, asook ons voorgeslagte, soos skape afgedwaal het. Ons het weggedraai van U weë en elkeen sy eie pad geloop, maar God die Vader het op U al ons ongeregtighede gelê. U het ons vrygekoop van die vloek van die wet (wat ons nie kon onderhou nie) deurdat U vir ons 'n vloek geword het.

Dankie vir die verbond wat U met God die Vader, namens ons, gemaak het. As Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek, het U vir eens en vir altyd agter die voorhangsel ingegaan en ewige verlossing vir ons bewerk. Dankie dat U ons sonde met U bloed wegneem. U het vergifnis belowe deur die bloed van Jesus. Ons ontvang nou daardie vergifnis namens die mense van Suid-Afrika. Vader God, ons kom nou agter die voorhangsel in en as verteenwoordigers van U

liggaam hier in Suid-Afrika, verneder ons onsself voor U en draai ons harte terug na U en U verbond deur Jesus Christus. Ons buig ons knieë en bely dat Jesus Christus die Here is van Suid-Afrika. Mag U verheerlik word.

Op 3 November 2001 het ons as verteenwoordigers van die Liggaam van Jesus Christus in Suid-Afrika, hierdie land, Suid-Afrika, en al die mense wat hier woon, aan U, die Here Jesus Christus, hierdie land aan U toegewy. Vandag 6 Januarie kom herhaal ons hierdie gebed voor U. Sonder ons af vir U diens, Here. Ons onderwerp ons aan U wil en outoriteit vir ons lewens asook vir die van die mense in Suid-Afrika. Ons lê ons regte neer. Laat ons volgens U voorskrifte wandel. Genees, versoen en herstel Suid-Afrika. Stort U Gees van Heiligheid en Waarheid oor ons uit. Laat U woord in vervulling kom: As My volk oor wie My Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en My aangesig soek, en hul bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ek uit die hemel hoor, hulle gebed verhoor en hulle land genees (2 Kron.7:14)

Here Jesus Christus, ons nooi U om Suid-Afrika met U Heilige Gees te kom vul. Kom regeer oor Suid-Afrika. Ons harte is oop om U te ontvang. Ons maak nou die "poorte" van hierdie land oop sodat U kan inkom. Kom stort U genade. krag en liefde in ons gemeenskappe uit. Ons wil U heerlikheid sien. Bind ons saam in 'n Huis van Gebed vir alle nasies en maak ons een met U. Kom, Here Jesus.

Gebed vir die ANC wat gedurende 2012 hulle eeu-wording vier:

Bid:

1. Dat die ANC leierskap die Oppergesag van God, die Vader van ons Here Jesus Christus, sal erken.

2. Dat die ANC as politieke gesag besluite sal neem wat God, die Vader van Jesus Christus, sal eer.

3. Dat niemand die ANC as organisasie of politieke instrument sal misbruik om hulleself te verryk, om mag in die hande te verkry of hulle posisies sal gebruik vir korrupsie en self-bevoordeling nie.

4. Dat God leiers sal aanstel wat in waarheid en geregtigheid leiding sal gee, wat die gesag van die Skrif aanvaar, wat met integriteit sal lewe en wat die belange van die mense in die land sal soek.

5. Dat die ANC leierskap die regstelsel sal respekteer en in die land sterk leiding sal gee oor hierdie saak.

6. Dat die ANC nie sal toelaat dat bitterheid oor die verlede hulle optrede bepaal nie, maar sterk positiewe leiding rondom versoening en samewerking sal gee.

7. Dat die ANC, wat ook die regerende party is, met groot wysheid mense in senior en sleutelposisies sal aanstel om in die land diens te doen.